# Relay for Life - kom deel in die pret

**RUSTENBURG - Relay for Life is 'n unieke, oornag-gemeenskapsaksie wat plaasvind op 12 Maart by Bergsig Akademie se sportgronde.**

Die organiseerders nooi almal om te kom deel in die verrigtinge. Daar gaan 'n kindertent wees met 'n springkasteel, speletjies en aktiwiteite vir die kinders. Daar gaan ook 'n rodeo-bul wees wat definitief vir lekker gelag gaan sorg. Heerlike pannekoek, worsbroodjies en ander eetgoed sal te koop wees, so kom kry gerus jou aandete hier!

*** Spanwerwing**

Daar is vanjaar 44 nuwe spanne gewerf deur die harde werk en deursettingsvermoë van die komiteelede! "Ons doen 'n dringende beroep op al die spanne wat nog nie hul inskrywingsgelde betaal het nie, om dit so gou moontlik te doen om hul staanplek te verseker. Die laaste spankapteinsvergadering sal gehou word op 4 Maart by KANSA in Von Wiellighstraat en op 8 Maart by Bergsig wanneer die spanstaanplekke uitgewys gaan word. Om 'n span in te skryf moet jy 5-15 vriende, familie, of kollegas bymekaar kry en vir Annemarie Loubser by 082 401 0819 of Magdel Steyn by 082 924 0266 skakel.

*** Lucy**

Lucy is 'n interessante nuwe toevoeging vir span-fondsinsameling vanjaar. Spanne kan 'n Lucy-pop aankoop teen R60 en haar dan versier en mooimaak. Mense kan stem vir die mooiste Lucy deur geld in haar blikkie te sit. Die span met die meeste geld in hul blikkie teen die einde van die aand wen! Spanne wat nog 'n Lucy-pop wil koop kan die streekskantoor bel of een koop op die volgende vergadering.

*** Luminaria**

Een van die groot fondsinsamelingsprojekte is die verkoop van luminaria-sakkies. Luminaria-sakkies word verkoop teen R10 elk. Op die aand van die Relay word daar 'n spesiale seremonie gehou wanneer al die sakkies rondom die baan gepak word met 'n brandende kersie in wat hoop simboliseer. Almal wat sakkies koop kan dit versier met 'n foto, gedig of prentjie ter herinnering aan 'n geliefde wat kanker het. Luminaria-sakkies sal verkoop word op 6 Maart by Safari Spar. Vir meer inligting of as jy sakkies wil koop, skakel asseblief vir Meisie Fowlds (072 200 7966).

* Die missie van Relay for Life 2010 is "om te treur oor geliefdes wat aan kanker afgestaan is, om die te ondersteun wat veg teen kanker, en om fees te vier oor die wat kanker oorwin het". Vir meer inligting oor die geleentheid of as jy graag betrokke wil raak, skakel die KANSA streekskantoor by 014-594 2424.



**Luminaria-sakkies vorm 'n groot deel van die Relay for Life se fondsinsameling.**




**Die Lucy-pop is die nuutste toevoeging tot vanjaar se Relay for Life.**

## Is tieners regtig so 'weird'

**RUSTENBURG - Dryf jou tiener jou teen die mure uit, of is dit eerder 'n geval van ouers wat nie hulle tieners en hulle behoeftes verstaan nie? Is tieners regtig so "weird" of is ouers net nie "cool" genoeg nie?**

Om tieners groot te maak is beslis nie vir sissies nie! Tydens die naweek van 16 - 18 April 2010 bied die NG Gemeente Marikana 'n kamp vir tieners en ouers aan. Dit vind plaas by die Magaliesberg Jeugkampterrein (op die R104 halfpad tussen Mooinooi en Hartebeespoort). Die aanbieder is dr Dirkie de Wet, 'n kenner op die gebied van tiener/ouerverhoudings. Koste beloop R200 per persoon vir die naweek en sluit alles in. U moet net u eie beddegoed, handdoeke en eetgerei saambring.

Vir besprekings kontak Mariette by die kerkkantoor by (014) 572 3129 Dinsdae, Woensdae en Vrydae tussen 08:00 - 12:00. Vir navrae skakel ds John Vosloo by 082 808 8355. Program volg met bespreking.

## Potjie

RUSTENBURG - Kom geniet Rustenburg Rusoord Ouetehuis se "Potjiekoskuieraand met 'n springkasteel vir die jongspan, groot verskeidenheid heerlike potjies om van te kies, worsbroodjies en koeldranke te koop. Dié besondere geleentheid vind op Vrydag 5 Maart by Rustenburg Rusoord om 18:00 plaas. Bring saam: Eetgerei, glase, bekers en stoele en indien u ietsie sterkers wil geniet is u welkom om dit ook saam te bring. Vir meer inligting skakel (014) 592 9218, faks: (014) 597 1190 of Tess by 082 254 9177.


Fidelity
Debt Counselling
Reputable Debt Counselling
i.t.o National Credit Act
(NCRDC138)
DEBT PROBLEMS?
BRANCHES NATIONWIDE
RUSTENBURG BRANCH:
1st Floor Standard bank Bld
121 Churchstreet
Tel: 014 592 5773
Fax: 014 592 4554
yolandi@fidelitydebt.co.za
www.fidelitydebt.co.za

Pest Control Specialists

014 597 4305/6
RASSIE
082 572 6883

Debt Rescue
NCR DEBT COUNSELLORS
Registration No: NCRDC474
Moenie dat skuld jou en jou gesin vernietig nie!
Sou jy daarvan hou om uit die skuld te kom sonder om jou bates en Goeie naam te verloor?
Ons is geregistreerde skuldberaders by die Nasionale Kredietreguleerder
en ons handel in terme van die Nasionale Kredietwet.
Die Nasionale Kredietwet is daar om JOU, die verbruiker, te beskerm en voorsien mense wat oorlaai is met skuld van 'n metode om hul skuld te vereffen op 'n bekostigbare manier
SONDER OM HUL BATES TE VERLOOR.
WAT BEHELS DIE PROSES?
- Ons stel vas of jou maandelikse uitgawes jou maandelikse inkomste oorskry (dit is 'n vereiste vir skuldhersiening.)
- Indien wel, begin ons dadelik met jou aansoek vir skuldhersiening (kredietverskaffers mag jou dus glad nie meer lastig val nie.)
- Ons onderhandel namens jou met jou kredietverskaffers vir 'n bekostigbare maandelikse paaiement.
- Die verskillende paaiement word saamgevoeg in een vasgestelde maandelikse paaiement
Moenie wag tot dit te laat is nie!
Kontak gerus Charine by ons Rustenburgkantoor. Tel: 014 533 2617 • Sel: 082 783 4959
Faks: 086 622 7036 • E-pos: acmeiring@telkomsa.net • Web: www.debtrescue.co.za

DEONAK
* EARTH MOVING
* RUBBLE REMOVAL
* T.L.B. TIPPER HIRE
Please contact:
Office: 014 592 3988
014 592 3921

DEONAK
SEPTIC TANKS
FOR THE PUMPING AND REMOVAL OF RAW SEWERAGE
PLEASE CONTACT
CINGENT
083 651 5955
OFFICE
014 592 3988 OF
014 592 3921

SHEKINAH TABERNACLE
Family Worship Centre...
"A Spiritual Home for All Nations..."
Listen to us on Radio Mafisa MIRACLE TIME SLOT Sunday Mornings 08H30-09H00
MARCH 2010!!!
Declared the month of the fulfillment of the Vision & Prophetic decree of the House in this Year of...
"HIS...EXTREME GLORY..." "U shall see IT"
(Ezekiel 12V28 NIV)

DAILY HEALING, DELIVERANCE & MIRACLE SERVICES
@ 10H00 Monday to Friday with Prophetess M.G. Tshehla
SUNDAY SERVICES: • Morning Glory @ 08H00
• Healing, Deliverance & Miracle Service @ 10H30
• Worship Nite Service @ 18H00
MEETING:
Stand 1723, c/o Lebone & Morula Crescent, Foxlake, Tlhabane, Rustenburg
(thatch roof opposite Bojanala Bus Depot)
CONTACT:
Office: 014 565 3569/2820
(P.A.) 083 583 1184.
24 Hr Helplines: 014 565 3505/8 or 014 565 3483/86
"UR MIRACLE IS AWAITING U!!!"


## Rustenburg Rate Payers Association (RRPA)

www.rrpa.co.za - registration@rrpa.co.za

**Public Meeting**

**Venue:** Protea Park Primary School Rugby Field Soetdoring Avenue

**Date:** Thursday, 25th March 2010

**Time:** 18H00 (Meeting will start promptly at 18H00)

***All Rate Payers welcome, invite everyone. Application Forms will be available at the meeting.***

"If you want to make a difference to our town then you have to attend the meeting"

Hotdogs will be sold by the school. Come socialize with us.


LOSING HAIR???
No problem anymore
COME FOR LASER TREATMENT
Tel. 014 537 3998/
014 537 3987
BEFORE

AFTER
